ENERGISING FAMILY BUSINESSES

NUUSBRIEF

DIE BRUG TUSSEN GENERASIES

Die Wysheid van die Grysheid

&

Die Deug van die Jeug

FABASA

FAMILY BUSINESS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

Familieondernemings oorleef nie net omdat die syfers klop nie, maar ook omdat die familie mekaar dra.

Volhoubaarheid vereis verstandige sake-besluite en gesonde verhoudinge.

As een van dié twee ontbreek, begin die fondament kraak.

Goeie sakebesluite gee rigting. Dit bring orde, dissipline en vooruitbeplanning. Dit vra vir strategie, struktuure, aanspreeklikheid en soms moeilike keuses. Sonder gesonde sakebesluite word 'n familieonderneming 'n emosionele skip sonder roer – vol goeie bedoelings, maar uitgelewer aan storms.

Gesonde verhoudinge is ewe belangrik want dit gee betekenis. Dit skep vertroue, veiligheid en 'n gevoel van behoort. Dit is waar respek, luister, vergifnis en empatie woon. Sonder gesonde verhoudinge word selfs die beste sakebesluite koud en ongenaakbaar -'n sukses op papier, maar 'n pyn in die hart.

Die gevaar lê daarin om te dink ons moet kies: óf besigheid, óf familie. Volhoubaarheid vereis beide.

Besluite moet met wysheid geneem word, maar ook met deernis. Konflik moet professioneel hanteer word, maar menslik benader word.

Grense moet duidelik wees, maar harte moet oop bly.

Wanneer ons verstand en hart saamwerk, gebeur iets besonders. Die onderneming word meer as 'n bron van inkomste; dit word 'n draer van waardes, 'n leermeester vir die volgende geslag, en 'n nalatenskap wat nie net geld meet nie, maar ook familieharmonie.

Familieondernemings sal slegs volhoubaar wees as hulle die volgende waarheid verstaan:

- Jy kan nie die toekoms bou met net 'n skerp kop nie, en jy kan dit ook nie dra met net 'n sagte hart nie.
- Eers wanneer die kop en hart hande vat, word 'n onderneming iets wat die moeite werd is om aan kinders en kleinkinders toe te vertrou.
- Die voetspore wat ons nalaat, bepaal die waarde van ons nalatenskap.

Dit bring my by die verhouding tussen ouers en kinders in 'n famlieonderneming. Na meer as 650 konsultasies oor dekades en vele mediasies het ek al verskeie kere ervaar hoe ouers en kinders kan koppe stamp.

As kind het ek my ouers aangevat oor die *'Deug van die Jeug.'* As ouer vat ek my kinders aan oor die '*Wysheid van die Grysheid.'*

Die Bybel leer ons dat kinders hulle ouers moet eer, sodat hulle dae verleng kan word.

Die Bybel leer ons egter ook dat ouers nie hulle kinders moedeloos moet maak nie. Die swaard sny na beide kante.

Die Bybel self gee vir ons leidrade, nie as 'n formule nie, maar as 'n verhouding van wedersydse eer. Die sleutel lê daarin om eer nie met onderdanigheid te verwar nie, en leiding nie met beheer te verwar nie.

Kom ek skets ’n tipiese verhaal wat by ’n familieboerdery afspeel. Die Pa, Petrus, hou van die geykte manier van dinge doen want dit werk al vir geslagte so. Die seun, Stefan, het ‘nuwe’ metodes vir Landbou op Universiteit aangeleer en probeer sy Pa oortuig om aan te pas by hierdie nuwe metodes.

TUSSEN WORTELS EN LOTE

Die Onsekere Pad

Die ou eikeboom staan al vier geslagte op die plaas. Sy wortels groei diep in die rooi grond van die plaas en sy stam is dikker as die plaasvoorman, Phineas, se groot middellyf. Die boom is krom van jare se storms, droogtes en seisoene wat gekom en gegaan het sonder om verskoning te vra. Pa Petrus leer vir Stefan wat oupa dikwels gesê het: “ Die eikeboom staan nie omdat hy vinnig groei nie, maar omdat hy diep groei.”

Petrus het vanoggend weer onder die eikeboom gaan

staan. Voor hom lê die landerye – wingerde aan die een kant, jong olyfbome aan die ander kant. Dis hier waar sy pa hom geleer het om grond met respek te lees: waar water lê, waar die wind sny, waar jy moet wag en waar jy moet waag.

Agter hom hoor hy Stefan se voetstappe nader kom.

“Pa,” begin Stefan praat, versigtig, soos iemand wat aan ’n deur klop waarvan hy nie seker is of dit oopgemaak gaan word nie. “Ons moet oor die nuwe waterstelsel praat.”

Petrus draai nie om nie. Hy reageer ongeduldig: “Ons praat al maande oor jou nuwe metodes, en elke keer eindig dit op dieselfde plek. Moenie karring met dinge wat al vir geslagte hier goed werk nie.”

“Dit is nie dieselfde reënval as toe Oupa hier geboer het nie,” reageer Stefan.

“Die klimaat verander altyd,” val Petrus hom in die rede. “Maar grond hou van standvastigheid.”

Daar heers nou ’n stilte. Nie die gemaklike soort nie.

“Ons maak al vier geslagte so,” gaan Petrus voort. “Moenie met ’n suksesvolle resep peuter nie.”

Die woorde lê soos swaar klippe tussen hulle.

Stefan begin sy notaboek stywer vashou. Alles wat hy by die universiteit geleer het – data, scenario’s, nuwe tegnologie en landboumetodes, voel skielik nutteloos teenoor daardie woorde, ‘Vier geslagte.’

"Ek probeer nie die wenresep breek nie pa," sê hy sag. "Ek probeer dit beskerm."

Petrus draai om. Vir 'n oomblik is daar onsekerheid in sy oë – die soort onsekerheid wat net kom wanneer iemand besef dat hy dalk verkeerd mag wees maar ook nie sy voorvaders se manier van dinge wil verander nie.

"Jy beskerm nie iets deur dit te verander nie," sê hy so oortuigend as moontlik.

"En Pa beskerm dit ook nie deur te weier om te luister nie," antwoord Stefan – te vinnig, te skerp.

Daardie aand het die eikeboom alleen in die maanlig gestaan.

Wortels

Die tweede deel van die verhaal handel oor Petrus se gedagtegang na sy gesprek met Stefan.

Later die week stap Petrus alleen deur die wingerd. Stadiger as normaal. Sy knieë herinner hom aan jare se werk – elke seisoen 'n offer, elke oes 'n gebed.

Hy gaan by 'n ou wingerdstok staan. Een wat hy self geplant het toe hy pas die plaas oorgeneem het. Hy dink aan die diep wortels wat nou die wingerdstok voed.

Skielik onthou hy wat sy pa destyds gesê het toe hy die wingerdstok geplant het: "Moenie alles verander nie, maar moet ook nie dink dat niks kan verander nie."

Hy begin met homself stry toe hy sy PA se woorde onthou. Vir die eerste keer begin hy wonder of hy nie dalk sy seun se woorde as 'n bedreiging beskou het nie, terwyl dit uiteindelik goeie raad mag wees.

Lote

Die derde deel van die verhaal handel oor Stefan se gedagtegang na sy gesprek met Pa Petrus.

Stefan gaan sit in die ou stoor waar hy as kind tussen sakke saad gespeel het. Sy notaboek is oop, maar hy skryf niks nie.

Hy voel skuldig oor die skerp manier waarop hy met sy pa gepraat het. Hy weet sy raad is goed maar besef nou hoe maklik kennis beterweterig kan klink wanneer dit nie met nederigheid gepraat word nie.

Stefan haal diep asem. 'n Loot wat te vinnig groei, breek maklik, het sy oupa altyd gesê. "Ek moet meer geduldig met my pa wees en nie alles te vinnig wil verander nie," fluister hy.

Reën

Die reën kom onverwags. Swaar. Aanhoudend.

Water begin tussen die rye lê – presies waaroor Stefan tevore gewaarsku het. Petrus gaan staan langs hom. Hulle sê niks nie. Hulle kyk net.

"Vertel my weer," breek Petrus die stilte, sy stem laer as gewoonlik, "van daardie waterstelsel."

Stefan maak sy notaboek oop. Hierdie keer probeer hy nie sy pa oortuig nie. Hy verduidelik net op 'n besadigde manier wat hy geleer het.

"Pa," eindig hy, "ek sou nie vandag hier kon staan as dit nie was vir wat Pa en ons voorvaders opgebou het nie."

Petrus kink stadig en antwoord: "En ek my seun, moenie my pa se woorde aan my vergeet nie. Hy het gesê: 'Moenie alles verander nie, maar moet ook nie dink dat niks kan verander nie.' Kom ons sorteer die uitdaging saam uit."

Konsensus

Hulle het nie alles verander nie maar ook nie alles gelos soos dit was nie. Onder die eikeboom het pa en seun saam besluit wat moet bly, om nie die lesse van die voorvaders te vergeet nie, en wat moet verander omdat die toekoms dit vra.

Die wortels het diep gebly en nuwe lote het in stilte deur die grond gebreek. Die familieboerdery kon weer asemhaal want ware rentmeesterskap is nie om vas te klou of los te laat nie, maar om saam te bou aan die erfenis wat God aan ons toevertrou.

Finale Wenke:

1. Kinders eer ouers dieper wanneer hulle ervaar dat hulle stem tel. Wanneer ouers luister voordat hulle lei, leer kinders dat wysheid nie doof is nie. Dan word die 'wysheid van die grysheid' nie 'n muur nie, maar 'n skaduwee waaronder 'n jong mens kan rus.

2. Ouers moedig kinders aan wanneer die kinders se entoesiasme nie as naïef afgemaak word nie en kinders kan ervaar dat hulle ouers aktief na hulle luister. Soos Jakobus 1:19 ons leer: *Wees gou om te luister, stadig om te praat."*

3. Gesonde verhoudinge vra nederigheid aan albei kante, waar ouers erken dat hulle nie alles weet nie, en steeds leer, en kinders erken dat hulle nog nie alles beleef het nie.

Die wese van wysheid

- Wanneer grysheid nederig word, raak dit aantreklik.
- Wysheid moet gedeel word, nie afgedwing word nie
- Wysheid wat vertel word, word dikwels weerstaan maar Wysheid wat geleef word, word dikwels nagevolg.

- Kinders respekteer nie net wat ouers sê nie, maar veral: hoe hulle konflik hanteer en hoe hulle foute erken.

Die goue beginsel is dat verhoudinge belangriker geag moet word as om reg te wees, en waar liefde voelbaar is, word eer spontaan.

Dit is waar die 'wysheid van die grysheid' en die 'deug van die jeug' mekaar ontmoet – nie as teenpole nie, maar as mede-reisigers op dieselfde pad.

Vir hulp kontak ons by:
info@fabasa.co.za
WhatsApp by 082 453 3288